

MAANDELIKSE markoorsig

SEPTEMBER 2024
IN OORSIG



EKONOMIESE- EN MARKOORSIG

In lyn met verwagtinge, het verskeie sentrale banke hul amptelike uitleenkoerse in September verlaag. Hierdie is heel moontlik die begin van 'n verandering in die rigting van rentekoerse wêreldwyd, alhoewel dit gedryf sal word deur verskeie redes.

Wat wél ietwat van 'n verrassing was, was dat die Amerikaanse Federale Reserweraad hul koerse met 0.5% in plaas van 0.25% verlaag het, wat die verwagting was tot kort voor die vergadering. Die verlaging in rentekoerse word toegeskryf aan die Fed se vordering wat sy twee doelwitte betref, naamlik om prysstabiliteit te herstel en maksimum indiensneming te bewerkstellig. Die amptelike teikenband is nou 4.75% tot 5.0%.

Volgens JP Morgan beweeg ekonomiese veranderlikes in die Verenigde State in die regte rigting, wat die Fed in staat gestel het om die monetêre beleid effens te verslap. Volgens die voorsitter, Jerome Powell, is inflasie aansienlik nader aan die 2%-teiken en die arbeidsmark is onder minder druk as voor die pandemie in 2019. Hy het benadruk dat die primêre fokus verskuif het vanaf die verlaging van inflasie na die ondersteuning van maksimum indiensneming.

Die Europese Sentrale Bank het rentekoerse weer verlaag en aangedui dat uitleenkostes in die komende maande verder sal daal aangesien inflasie nou afkoel en ekonomiese groei in die Eurosone verlangsaam. Die bank

het sy depositokoerse met 25 basispunte na 3.50% verlaag (na 'n soortgelyke verlaging in Junie) aangesien inflasie nou binne bereik van die 2%-teiken is en die plaaslike ekonomie op die rand van 'n resessie is. Alhoewel hierdie koersverlaging voor die Fed se aankondiging geïmplementeer is, het dit waarskynlik nie juis 'n invloed op die Federale Opemarkkomitee se besluit gehad nie.

Suid-Afrika se sentrale bank het 'n meer gematigde houding gehandhaaf na sy eerste koersverlaging in meer as vier jaar op 19 September, en voer aan dat daar steeds risiko's in die vooruitskatting is, alhoewel inflasie vinniger as wat verwag is, gedaal het. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het sy hoofuitleenkoerse vanaf 8.25% na 8.0% verlaag, soos ekonome tydens 'n Reuters-meningsopname voorspel het, 'n dag nadat data aangedui het dat hooflyninflasie tot net onder 4.5% gedaal het, in die middel van die sentrale bank se teikenband.

Volgens Reuters het China se sentrale bank die grootste stimuluspakket nóg sedert die pandemie bekendgestel om die ekonomie uit hierdie deflasie-insinking en terug in die rigting van die regering se groeiteiken te trek,

maar analiste het gewaarsku dat meer fiskale hulp noodsaaklik is om hierdie doelwitte te bereik. Hierdie groter as verwagte pakket wat meer finansiering en rentekoersverlagings bied, is beleidsmakers se mees onlangse poging om vertroue in die wêreld se tweede grootste ekonomie te herstel. Dit volg na 'n reeks teleurstellende data wat heelwat kommer oor langdurige strukturele vertraging gewek het.

Chinese aandele en effekte het 'n goeie maand agter die rug en Asiatiese aandele het die hoogste vlak in twee en 'n half jaar bereik toe Goewerneur Pan Gongsheng die regering se planne om leenkostes te verlaag, bykomende fondse in die ekonomie te stoot en huishoudings se verbandterugbetalingslas te verlig, bekendgemaak het. Die juan was op 'n 16 maande-hoogtepunt teenoor die dollar. Goewerneur Gongsheng het tydens 'n nuuskonferensie genoem dat die sentrale bank in die nabye toekoms die hoeveelheid kontant wat banke as reserwefondse moet hou – bekend as die reserwevereiste-verhouding (RRR) – met 0.5% sal verlaag, wat sowat 1 biljoen juan (\$142 miljard) vir nuwe lenings beskikbaar sal stel.



MARKPRESTASIE

Die kombinasie van die draai in die globale rentekoerssiklus en 'n nuwe stimuluspakket in China (die wêreld se tweede grootste ekonomie) het bygedra tot sterk opbrengste in beide aandele- en effektemarkte wêreldwyd. Na 'n daling van byna 5% in die eerste drie weke van September, het die maatstafindeks, Shanghai Shenzhen CSI 300, 'n ommekeer gemaak en die maand 21% hoër afgesluit, die indeks se derde beste maand in nege-en-twintig jaar. Die S&P 500 (+2.1%) en die NASDAQ 100 (+3.9%) het ook 'n goeie maand beleef en bygedra om globale aandele (MSCI Wêreldindeks) met 2.4% in Amerikaanse dollar te verhoog. Ontluikende markte het gebaat by China se goeie prestasie en 6.7% in September gestyg.

Volgens Visio Capital was die nuus van die Chinese stimuluspakket ook goed vir metaalpryse, met ystererts wat in die laaste vyf dae van die maand met 24.4% herstel het. 'n Kombinasie van die SARB se koersverlaging, beter plaaslike sentiment, aantreklike relatiewe waardasies en China se beleidsaankondiging het SA-aandele (+4.0%) ondersteun wat deur die kleinhandel- (8.6%) en industriële (5.4%) sektore gelei is, met swaargewigte BHP Group (+14.5%), Prosus (+14.3%) en Naspers (+14.1%) wat die voorlopers was. Sasol (-15.6%) en Aspen (-17.2%) was die agterosse in 'n andersins goeie maand.

Die sterker rand en 'n derde agtereenvolgende maand van netto buitelandse aankope van Suid-Afrikaanse effekte het opbrengste verlaag, met hierdie bateklas wat 'n sesde agtereenvolgende positiewe maand aangeteken het en 3.9% in September en 10.6% vir die kwartaal gelewer het.

Die rand het teenoor die meeste groot geldeenhede aanhou versterk en is byna 6% sterker teen die dollar en byna 5% teen die euro sedert die begin van die jaar. Die goudprys het 'n nuwe hoogtepunt in September bereik en het die maand byna 28% hoër as Januarie 2024 afgesluit. Laastens het die olieprys met 8.9% in September geval.

MARKINDEKSE ¹	30 SEPTEMBER 2024		
	3 maande	12 maande	5 jaar ²
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)	3 maande	12 maande	5 jaar ²
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	9.6%	23.9%	13.7%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	21.7%	52.8%	2.8%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	10.6%	26.2%	9.8%
SA kontant (STeFI)	2.1%	8.5%	6.1%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	0.5%	21.7%	16.5%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	2.8%	15.7%	8.9%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	1.0%	2.4%	1.7%
Rand/dollar ³	-5.6%	-8.5%	2.6%
Rand/sterling	0.1%	0.5%	4.3%
Rand/euro	-1.7%	-3.6%	3.1%
Goudprys (USD)	13.2%	42.6%	12.5%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-16.9%	-24.7%	3.4%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.


ONTHOU JY ... DIE AANDELEMARK VAL IN SEPTEMBER?

“Prediction is very difficult, especially if it’s about the future.” Niels Bohr en ander¹

Die September-effek

In hierdie era van algoritmes en patroonherkenning is dit so maklik om op 'n wiskundig-elegante formule staat te maak om een tree voor die res van die mark te bly. Baie numeriese tegnieke (wat beleggers al duur te staan gekom het) kan soos volg beskryf word: kies die aandeel-/fonds-/bateklas wat die afgelope dag/maand/jaar/dekade/eeu die beste/slegste presteer het en hou dit vir 'n dag/week/maand/jaar (of tot jy besef dit was 'n fout).

Die grafiek onder dui die gemiddelde maandelikse opbrengste, in Amerikaanse dollar, vir die S&P 500-indeks sedert 1928 aan:



Bron: Momentum Global Investment Management, Bloomberg Finance L.P. Data tot 30 Augustus 2024

September was nog altyd die onderpresteerder, met die indeks wat gemiddeld met 1.2% in die maand afneem. Dit het daartoe gelei dat September al 'n redelike reputasie opgebou het, met hierdie markanomalie wat bekendstaan as die “September-effek”. Dit lyk asof September se onderprestasie die beginsel van markdoeltreffendheid totaal oortree, wat verklaar waarom dit as 'n anomalie geklassifiseer word. Daar is verskeie teorieë oor hoekom die anomalie voorkom, soos dat portefeuljebestuurders terugkeer van somervakansies en hul portefeuljes aanpas, of dat individuele beleggers aandele likwider om skoolfoeie te betaal.

September 2024 was geen uitsondering nie, met aandele wat die maand in die rooi afgeskop het. Ons weet wel nou dat die S&P 500 darem teen die einde van die maand met 2.1% gestyg het.

Alhoewel die verlede dui op 'n anomalie in September se prestasie, beteken dit nie dat dit jou beleggingsbenadering moet beïnvloed nie. As markte onderpresteer, is dit belangrik om die onderliggende oorsake van die onbestendigheid te verstaan en nie oorhaastig te reageer nie. Die onlangse afname in prestasie kan toegeskryf word aan kommer oor die Amerikaanse ekonomie na swakker vervaardigingsdata, sowel as 'n afname in aandele in megamarkkapitaliseringsmaatskappye soos Nvidia na noemenswaardige winste vroeër hierdie jaar. Volatiliteit word verder verhoog deur groot markgebeure in September, soos die Federale Reserweraad se beleidsvergadering, waar rentekoerse verlaag is.

In sulke tye is dit goed om die bekende gesegde te onthou: “Dit is tyd in die mark wat tel, nie tydskerekening van die mark nie.” Om belê te wees, is dikwels beter as om teen die kantlyn te sit aangesien die grootste opbrengste tipes in die dae na 'n daling in die mark volg. Beleggers moet probeer om geen drastiese veranderinge aan hul portefeuljes in September – of enige maand – te maak bloot op grond van die swierigheid van wiskunde of die oortuigende krag van statistiek nie. Dit is waarskynlik baie meer verstandig en uiteindelik meer winsgewend om strategie-afwykings te baseer op veranderinge in die langtermyn beleggings- en markvooruitsig.

Bron: Momentum Global Investment Management

¹ Niels Bohr, 'n bekende fisikus, kry dikwels die krediet vir hierdie aanhaling. Dit word egter ook aan ander figure gekoppel, insluitend die Deense politikus, Karl Kristian Steincke, en Yogi Berra, 'n Amerikaanse professionele bofbalspeler wat later ook as bestuurder en afrigter opgetree het.

Disclaimer

For internal use only. The information provided is of a general nature only and does not take into account investor’s objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor’s risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor’s own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities (“CIS”) are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance. Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.